Publication: Volksblad

Date: Wednesday, March 09, 2022

Page: 5

# Glimlagge oor week van hoop vir kinders

Linkie Bessinger

23 kindergesiggies in die Vrystaat word vandeesweek van 'n glimlaggende toekoms verseker danksy die Smile-stigting se jongste reeks gratis rekonstruktiewe operasies.

Volgens Kim Robertson Smith, uitvoerende hoof van die Smile-stigting, is vanjaar se eerste operasieweek, wat van 7 tot 11 Maart by die Universitas-hospitaal in Bloemfontein geskied, veral spesiaal omdat alle koste deur 'n anonieme skenker gedek word.

"Elke liewe operasie en nasorg is deur 'n persoon geborg wat geen erkenning daarvoor wil kry nie. Die persoon wou net iets goeds doen vir die kinders."

Danksy die anonieme weldoener is die kamers op die vyfde verdieping van die hospitaal gevul met hoop en die oë van babas, kinders en hul ouers blink oor die toekoms.

Maditaba Patsa, ma van die nege maande oue Boitumelo, sê sy is verlig dat sy vir die eerste keer sedert haar dogter se geboorte "weet dat sy oukei gaan wees".



Die nege maande oue Boitumelo Patsa in die arms van haar ma, Maditaba. Foto's: MLUNGISI LOUW

Boitumelo word geopereer om haar gesplete lippie te herstel.

"My kind gaan 'n normale gesiggie hê, sy sal kan glimlag. My kind gaan oukei wees," sê Patsa, wat oorweldig is met trane van dankbaarheid terwyl klein Boitumelo vrolik glimlag vir enige persoon wat haar groet of verbygaan.

Laetitia Jordaan, die Smile-stigting se streekskoördineerder in die Vrystaat, sê die 23 kinders wat vandeesweek gehelp word, gaan onder meer operasies ondergaan om gesplete lippe te herstel, asook gesplete verhemeltes en prominente ore. Ander operasies sluit in rekonstruksie en behandeling van brandwonde en ook om vingers wat aan mekaar vas is, los te maak.

Die nege maande oue Bohlokoa Lesale het eergister 'n operasie aan sy lip ondergaan en was gister saam met sy ma, Makokosi Khama, op pad terug na hul huis in Lesotho.



Bohlokoa Lesale is Maandag geopereer om sy gesplete lippie reg te maak. Hy en sy ma, Makokosi Khama, was gister weer op pad na hul huis in Lesotho.

"Ons moet volgende week terugkom vir 'n opvolgondersoek, maar ek is so dankbaar die proses het begin om vir my kind 'n normale toekoms te gee," sê Khama.

"Ek is ongelooflik geseën en ervaar dankbaarheid wat ek nie in woorde kan beskryf nie."

Dit is belangrik dat veral operasies vir gesplete lippe en verhemeltes in die eerste 12 maande van 'n kind se lewe geskied.

"Wanneer dit langer uitgestel word, tas dit die kind se spraakontwikkeling aan," sê dr. Nikita Blake, een van die dokters wat betrokke is by die rekonstruktiewe operasies.

"As 'n kind se gesplete lip of verhemelte eers later geopereer word, speel spraakterapeute 'n belangrike rol om die kind dan basies van voor af te leer praat," sê sy.

Die Smile-stigting sal van 22 tot 25 Maart sy werk in Kimberley voortsit waar nog 24 kinders se lewe verander gaan word.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.